AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

# LEVSA NUUS/ AEASA NEWS:

## 1990 FR TOMLINSON COMMEMORATIVE LECTURE

The FR Tomlinson Commemorative Lecture will be delivered this year by Prof JA Groenewald of the University of Pretoria. The Commemorative Lecture will be presented together with a dinner on Friday, 11 May 1990 in Pretoria. Sponsorship has been obtained to cover a portion of the costs of the dinner, which means that a minimum contribution will be requested from members. Please make a note in your diary and do not let this special event pass by. A complete programme of the proceedings and final invitation will be sent to you early in April 1990. We rely on your support.

AEASA: Transvaal Action Group

## 1989 FR TOMLINSON GEDENKLESING

**Bekendstellingsvoordrag deur Prof FR Tomlinson:**

Vir my as die eerste Voorsitter (tans genoem President) van die Landbou-ekonomie Vereniging van Suider-Afrika is dit sowaar 'n ewe groot eer om hierdie Erepenning aan professor Eckart Kassier te oorhandig as wat dit vir hom is om dit te ontvang. Ek is bly dat ek dit kon beleef, veral omdat ek 60 jaar gelede, 1929, lid van die eerste werklike finalejaar-klas was - ons was vier - om die graad B.Sc. Agric. met Landbou-ekonomie as gelykwaardige hoofvak hier aan die Universiteit van Stellenbosch te verwerf.

Gebore te Greytown, Natal, op 15 Januarie 1933 uit 'n oorspronklik Franse Hugenote-familie wat eers na Duitsland verhuis en vandaar later na Suid-Afrika geëmigreer het, is Eckart een van die vierde geslag Kassiers (voorheen met 'C' gespel) in hierdie land. Sy kinderjare bring hy deur op hul plaas naby Wartburg in Natal en ontvang sy skoolopleiding aan die Wartburg Hoërskool, waar hy in 1951 matrikuleer. Hy studeer aan die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg, waar hy die B.Sc. Agric.-graad met landbou-ekonomie as hoofvak in 1955 verwerf. Op deeltydse basis sit hy sy studies nagraads voort en verwerf as eerste student die graad M.Sc. Agric. in Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Natal in 1959. Verdere nagraadse studie volg in Duitsland, waar hy in 1961 die Doktorsgraad (Dr. Agrar.) te Hohenheim verwerf.

In 1964 begin Eckart Kassier na hoër akademiese poste beweeg toe hy eers as Senior Lektor in Landbou-ekonomie aan die Universteit van Stellenbosch en in 1965 tot Professor in ons vak benoem word. Hy beklee hierdie leerstoel tot op datum met groot onderskeiding. Sedert sy benoeming in 1964 aan die Universiteit van Stellenbosch haal ek graag die volgende verbasende prestasies aan:

- 1 110 studente in die Landbou-ekonomie op die verskeie akademiese vlakke van Baccalaureus, Honneurs, Magister en Doktor gaan deur sy hande.
- Aan 2 500 van Suid-Afrika se leierboere het hy kursusse in Boerderyberstuur en -beplanning aangebied.
- As gewilde spreker het hy 150 openbare optredes agter die rug.

Wanneer hy optree, hetsy voor 'n klas of voor die publiek, lyk dit asof hy kwaad is! Maar dit is glad nie so nie - hy borrel net oor van energie en erns.

Vir sy bydrae tot die ontwikkeling van die Landbou-ekonomie as hoogstaande akademiese dissipline soos wat die landbou in sy geweldig gekapitaliseerde en gekommersialiseerde opset van ons vak verwag, wil die Landbou-ekonomie Vereniging van Suider-Afrika hierdie energieke, dinamiese hoogleraar in die persoon van Eckart Kassier met hierdie toekenning vereer en dankie sê.

Dit is vir my 'n groot voorreg om die Erepenning aan hom te oorhandig.

**1989 FR Tomlinson Gedenklesing deur WE Kassier:**

**EKONOMIE VAN LANDBOU IN SUID-AFRIKA - QUO VADIS?**



WE Kassier
*Universiteit van Stellenbosch, Aanbieder van die 1989 FR Tomlinson - Gedenklesing en ontvanger van die ere-penning*

Meneer die Seremoniemeester, Professor en mevrou Tomlinson, President van die Landbou-ekonomie Vereniging van Suider-Afrika, eregaste, dames en here.

Om te probeer voorspel waarheen die ekonomie van die landbou in Suid-Afrika op pad is, is nie net 'n moeilike, maar ook 'n gevaarlike oefening. As 'n mens jou nek uitsteek, wat met so 'n onderwerp seker onvermydelik is, kan die gevolge

partykeer nogal onaangenaam wees soos ek dit dan by verskeie geleenthede oor die afgelope twee en 'n half dekades ervaar het. Miskien is dit nodig om enkele van hierdie insidente te noem omdat die stellings na my beskeie mening nog altyd geldig is.

Toe ek twee dekades gelede die stelling gemaak het dat daar te veel landbouprodusente is wat bo hul inkomste lewe (uitgedruk as 'n sjampanje lewensstandaard met 'n koeldrank inkomste), toe word daar met felle histerie teen my te velde getrek. Terselfdertyd het politici, senior amptenare en inderdaad die Suid-Afrikaanse Landbou-unie die stelling gemaak - en dit is vry algemeen as 'n kernprobleem aanvaar - dat baie plase te klein is. Die probleem is identies daarin dat ek, die produsente en die ander partye die plaas die skuld gegee het. My stelling dat daar al hoe minder (voltydse) produsente sal wees, word met "Kassier die boer-verskeper" begroet. Wanneer die agbare Minister van Landbou 'n kleiner, doeltreffender landbouprodusentekorps in die vooruitsig stel, "maak dit sin", word gesê. Die waarneming dat heelwat produsente nie na deskundige advies wil luister nie omdat hulle "blykbaar nog nie swaar genoeg gekry het nie", word met oproepe van "Kassier die ketter" begroet, maar as die Direkteur van die Winterreënstreek die boere berispe omdat slegs 19 uit 1 000 uitnodigings na 'n boeredag beantwoord word, word beweer dat dit hoog tyd is dat iemand die waarheid praat.

En so is daar nog heelwat verdere voorbeelde wat aangehaal kan word, maar daar word hiermee volstaan behalwe om verder nog te noem dat ek blykbaar daarin slaag om die waarheid, soos ek dit sien, op 'n onaanvaarbare manier stel. Die jare bring egter, gewoonlik, bedaardheid mee en hopelik het ek soos verouderde rooiwyn, nie suur geword nie, maar eerder 'n sagter aanslag verkry.

In my poging om 'n blik op die toekoms te werp, sal ek dit graag volgens sekere kategorieë/onderwerpe wil doen. Eerstens sal ek die mense (landbou-ekonome, produsente en werknemers) in oënskou wil neem en dan spesifieke landbou institusies, gevolg deur die boerderysektor en laastens bepaalde wetgewing wat aangespreek sal moet word.

**Landbou-ekonome**

In die breë gesien kan ons seker sê dat die opvoedkunde in die agtiende en negentiende eeue sterk deur die natuurwetenskappe benvloed was, terwyl gedurende die twintigste eeu, die sosiale wetenskappe die oorhand begin kry het, maar nog altyd met 'n natuurwetenskaplike, veral wiskundige, inslag. Aanduidings sover is dat die volgende dekades as die etiese era bekend sal staan met groter beklemtoning van die filosofie, sosiologie, morele vraagstukke en die omgewing. Die begrip "alternatiewe landbou" verskyn al hoe meer in die wetenskaplike literatuur en vind ook toenemende toepassing in die praktyk. Ons staan ook midde in 'n kommunikasie revolusie. As die landbou-ekonoom sy plek in die wetenskaplike forum wil aanhou volstaan, sal die opleidingsprogramme in pas moet kom.

Tot dusver was die landbou-ekonoom hoofsaaklik op grond van sy opleiding, maar ook as gevolg van sy werksveld, in die eerste instansie ekonoom en in die tweede instansie 'n landboukundige. Verder blyk dit dat ons opleidingsprogramme relevant was vir die huidige maar dat dit graduandi nie altyd voldoende toegerus het vir die toekoms nie. Dit kom onder andere tot uiting in die feit dat landbou-ekonomie navorsing tot redelik onlangs oorwegend gegaan het oor die verlede en nie die toekoms nie.

Op Stellenbosch het ons etlike jare gelede die besluit geneem om as een van die keuses ons opleiding meer landboukundig-as ekonomies gerig te maak. Die grootste persentasie van ons graduandi kies dan ook laasgenoemde opsies en neem Landbou-ekonomie as hoofrigting saam met landboutegniese vakke soos Akkerbou-Weiding, Hortologie en Veekunde/Diereproduksie, sonder, soos dit tradisioneel die geval was om ook Ekonomie as hoofvakrigting (die opsie bestaan nog) aan te bied, m.a.w. 'n meer pragmatiese en interdissiplinêre benadering eerder as meer dissiplinêre verdieping. Ons het ook in ons kurrikulum die landbou-ekonomie komplement verminder en vervang met 'n volle semesterkursus in kommunikasiekunde. Maar, soos alreeds genoem, sal daar verder gegaan moet word om aan die eise van die era wat in die vooruitsig gestel word te kan voldoen deur die insluiting van aspekte van die filosofie, sosiologie en "alternatiewe landbou" in die kurrikulum. Ons hoop en vertrou dat die rigtings wat ons ingeslaan het, die toets van die tyd sal deurstaan.

**Landbouprodusente**

Ofskoon die kommersiële landbouprodusente tot onlangs onder die rykste individue in Suid-Afrika gereken was, ondervind die gemiddelde produsent finansiële probleme. (Dat daar 'n skewe verdeling bestaan, is alombekend.) Hulle is bateryk maar kontantarm. Wat het aanleiding gegee tot hierdie toedrag van sake? Die redes is legio, maar die belangrikste is seker die volgende:

1. Beleidmaatreëls (veral geadministreerde pryse) oor meer as 'n halfeeu, wat produsente aangemoedig het om te veel te belê in die landbou en gevolglik die aanbod vinniger gestyg het as die aanvraag. Die resultaat is 'n verswakking in die ruilvoet.
2. Hulpmaatreëls in terme van belastingtoegewings en ander subsidies, droogte- en vloedhulp, wat in elk geval dikwels die paar groter produsente (wat nie hulpbehoewend was nie) as die vele kleineres (wat wel hulpbehoewend was) bevoordeel het. Hierdie voordele is grootliks in hoër grondpryse gekapitaliseer, maar ook soos ons tans verneem, vir ander doeleindes aangewend.
3. Resepte en aanbevelings hoe om boerdery meer effektief en doeltreffend te maak, word allerweë geskoei op relevante maatreëls vir die sogenaamde "top derde", en het dikwels finansieel noodlottige gevolge as die "onderste twee-derdes" dit navolg. Te min aandag is aan toepaslike navorsing en advies vir laasgenoemde groep gegee.
4. Oorbeklemtoning van risiko: "Jy plant die oes, ons dra die risiko." Iemand het vergeet om by te voeg: "Wie maak die wins?" Ons het van die landbou iets probeer maak wat dit in wese nie is nie. Landbou is en sal 'n riskante bedryf bly.

Wat van die toekoms? Sekere onlangse verwikkelings kan moontlik as riglyne vir die toekoms dien. Van die belangrikste is:

1. Die Regering se verklaarde beleid van deregulering en privatisering. (Terloops, dis nogal bemoedigend om deesdae hieroor te kan praat sonder dat jy vir 'n stinkmuishond of 'n man van Mars aangesien word!) Dit maak natuurlik geen sin nie, en dit is inderdaad oëverblindery, tensy die Bemarkingswet gewysig word. Die Wet behoort dringend ondersoek te word, maar deur onafhanklikes en nie deur diegene wat die wet administreer of direk daardeur geraak sal word nie. Dit is onaanvaarbaar om, by herhaling "wolf skaapwagter" te maak.
2. Die uitfasering van direkte en indirekte subsidies, soos alreeds na verwys, sal help dat daar nie valse seine aan landbouprodusente uitgestuur word nie. Dit is egter interessant dat indien ons regering hulle beloftes gestand doen, dit teenstrydig sal wees met die verskynsel in die meeste sogenaamde industriële lande waar 'n negatiewe korrelasie bestaan tussen die omvang van beskerming van die landbousektor en die persentasie boere in die bevolking.
3. Die landbouprodusentekorps sal in die toekoms al hoe meer bestaan uit deeltydse boere en diegene wat tot op hede deur wetgewing verbied was om landbougrond te besit. Laasgenoemde se toetrede mag 'n neerdrukkende effek op produksie hê, maar dit kan beteken dat 'n "goeie" oes nie meer slegte nuus is nie. Oesbegrafnisse kan plek maak vir oesfeeste.

4. Diegene wat landbouprodusente sal bly, sal 'n moeilike tyd tegemoet gaan. Ons het entrepreneurs nodig. Die gebrek aan 'n besigheidsbenadering sal, na raming deur deskundiges op die terrein van landboufinansiering, veroorsaak dat ons in die volgende dekade tussen 15 000 en 20 000 kommersiële boere kan verloor. Dit sal vir die betrokkenes traumaties wees en ons sal graag wil sien dat hulle uittrede op 'n eervolle wyse geskied. Aan die anderkant skep dit 'n geleentheid vir die owerhede om as laaste alternatiewe koper, grond te bekom wat hulle in staat sal stel om die grondverdelingsprobleem, wat aandag sal moet geniet, makliker te kan oplos. Ek het vantevore al die skepping van 'n Suider-Afrikaanse Grondtrust voorgestel vir dié doel.

**Plaaswerkers**

Die status van die plaaswerker sal in die volgende dekade aansienlik verander en vir diegene in die landbou wat hierdie verandering sal teenstaan, lê daar 'n moeilike tyd voor. Behalwe vir verbeterde diensvoorwaardes, sal die klem al hoe meer op opvoeding en opleiding val. Aspekte soos byvoorbeeld winsdeling ("gain sharing") sal toenemend aandag geniet.

**Landbou-institusies**

Van die belangrikste landbou-institusies wat ons vandag het, het hulle ontstaan gehad in tye wat wesentlik verskil het van die omstandighede wat vandag heers. In 'n dinamiese wêreld is die vermoë om veranderings korrek te antisipeer en betyds en prakties aan te pas, een van die belangrikste vereistes vir suksesvolle voortbestaan.

Eerstens is dit belangrik om te besef dat ons in 'n tydperk inbeweeg waar individualisme in belangrikheid toeneem en megagroepvorming, monopolistiese organisasievorme asook sekere groepvormings geleidelik afgetakel sal word. Aspekte waaroor lede onder mekaar verskil sal geleidelik belangriker word as die samebindende faktore. Die tekens is alreeds daar. In die proses van privatisering, byvoorbeeld, is dit natuurlik 'n noodsaaklike voorvereiste, want 'n private monopolie is nog meer onaanvaarbaar as 'n staatsbeheerde monopolie.

Tweedens is ek van mening dat die koöperatiewe ondernemingsvorm in heelwat gevalle uitgedien is. Die aksent in die agribesigheid het grootliks verskuif vanaf die diensmotief na 'n groeimotief, en is dit dan ook so dat sekere koöperasies dit ingesien het en die groeimotief bevredig deur gebruik te maak van 'n gediversifiseerde groep maatskappye as ondernemingsvorm. Hierdie neiging, glo ek, sal toeneem.

Die SALU is 'n belangrike institusie wat op die oomblik 'n identiteitskrisis belewe. Die organisasie word buite die landbou allerweë beskou as 'n semi-parastatale organisasie omdat sy finansiële voortbestaan in sy huidige vorm en omvang slegs deur wetlik verpligte heffings verseker word. Sy bona fides as regeringsonafhanklike liggaam is in die gedrang. Ek vertrou dat hierdie aangeleenthede in die nuwe strategiese plan aangespreek sal word.

Private grondbesit, soos ons dit in die Westerse kommersiële landbou ken, word tans, nie net in Suider-Afrika nie, vir 'n verskeidenheid redes onder die vergrootglas geplaas. Die argumente het nie soseer direk met die "kapitalisme versus sosialisme" soort te make nie, maar is op die etiese vraag geskoei: "Die mens het nie die grond geskape nie en dit is dus die oorspronklike erfenis vir ons almal." Die vraag word gestel of dit aanvaarbaar is om nou gebore te word en uit te vind dat die erfenis klaar toegedeel is en daar's geen plek vir nuwe grondbesitters nie? Hierdie en ander etiese vrae sal al hoe meer op die voorgrond tree.

Die instelling van 'n Landbounavorsingsraad wat in die vooruitsig gestel word, het, na my mening, op 'n onaanvaarbare basis begin. Al die deelnemers is nie vooraf geraadpleeg nie, maar met die voldonge feit gekonfronteer met die versoek dat oor fynere besonderhede "gesels" kan word. Landbou-ekonome vorm nie deel van die beoogde bestel nie, blykbaar omdat ons en ons dissipline 'n "algemene saak" en nie 'n "eie saak" is nie. So 'n skreiende absurditeit wil 'n mens uit frustrasie ten hemele laat skree!

Landbou-opleiding as institusie op tersiêre vlak sal as gevolg van demografiese, politieke en finansiële druk 'n metamorfose moet ondergaan. Die benadering tot navorsing sal ook onder die loep geneem moet word en dit is te betwyfel of fasiliteite soos byvoorbeeld die tradisionele proefplase 'n deel van die nuwe bestel sal uitmaak. Dit beteken ook dat die geografiese ligging van 'n opleidingsinstansie van minder belang word. Hopelik sal die besluitnemers die nodige insig en visie openbaar om 'n bestel te skep waarmee ons die een-en-twintigste eeu tegemoet kan gaan.

Aan die landbou-insetkant is daar beslis ernstige probleme en sal daar waar monopolieë en kartelle bestaan, iets gedoen moet word. Wat help dit om 'n Raad op Mededinging in die lewe te roep wat duidelik nie die wil of magte het om op te tree nie. 'n Mens moet natuurlik ook onthou dat daar na monopolieë aan die afsetkant van landbouprodukte gekyk sal moet word.

**Die boerderysektor**

Kommersiële landbou het oor die afgelope halfeeu periodiek met reusespronge vorentoe beweeg. Dit het begin met meganisasie, toe bastersaad, gevolg deur chemiese innovasies. Tans staan ons in die biotegnologiese era. Dis moeilik om te sê wat hierna gaan volg, maar dit sal heel moontlik 'n elektroniese era wees.

Op die oomblik is daar by 'n aantal belangrike bedrywe die slagspreuke "grondomskakeling" of "diversifikasie" en meer "markgerigtheid" aan die orde - van mielies en koring na vee, van suikerriet na bosbou en wynboere is op soek na alternatiewe. Dit is interessant dat al hierdie bedrywe vir baie jare 'n prysbeleid gevolg het wat sterk op produksiekoste geskoei was. Ofskoon dit 'n belangrike les behoort te wees, nl. dat prys die produksiekoste bepaal en nie andersom nie, poog sekere bedrywe om die tradisie voort te sit. Dis jammer, want oor die langtermyn is so 'n benadering nie haalbaar nie.

Oor die grondomskakeling "skemas" in die somer- en winterreënval saaistreke het ek my ernstige bedenkings, en wil dit voorkom asof heelwat boere my siening deel. Bees- en skaapvleispryse is tans min of meer op die toppunt van hul siklusse en om op daardie punt in te kom en die belegging met 'n prysafplatfase, wat moet volg, af te betaal, wil gedoen wees.

Plaasgroottes sal ongetwyfeld toeneem, maar die heel grotes in hoofsaak sal, in lyn met die neigings in die handel, nywerheid en mynwese alhier en die landbou in Europa en Noord-Amerika, gedeeltes van hul aktiwiteite uitkontrakteer. 'n Neiging om meer toegevoegde waarde tot die boere se produkte te bewerkstellig sal in belangrikheid toeneem. Plaastoerisme in sy vele vorms is in die meeste Westerse lande skerp aan die toeneem. Onder die regte omstandighede en met die regte gesindheid kan dit vir sekere plaasfamilies 'n welkome addisionele inkomste bied. Die ontwikkelng van 'n verskeidenheid "landbouroetes" is sprekende voorbeelde hiervan.

**Landbouprodukte**

Met die groterwordende besteebare inkomste van die verbruikers, sal veral die produkte wat in 'n toenemende mate deur die Swartes aangekoop word, 'n relatiewe verhoging in vraag ondervind. Produkte wat mededingend in die buiteland verkoop kan word en die wat deel uitmaak van die kitskos- en wegneemetebedryf asook geriefvoedsel, kan ook relatief tot die ander, 'n toename in vraag verwag. Produkte wat nie in hierdie kategorieë val nie se relatiewe ruilvoet sal waarskynlik geleidelik verswak.

**Wetgewing**

'n Verskeidenheid wette wat verantwoordelik was vir die totstandkoming van die huidige landboubestel, sal sekerlik gewysig moet word terwyl ander van die wetboek verwyder sal word. Van die belangrikste is die volgende:

1. Swart Grond Wet van 1913.
2. Ontwikkelingstrust en Grond Wet van 1936.
3. Groepsgebiedewet.
4. Bemarkingswet, soos alreeds na verwys.

Ek wil graag herhaal wat ek by die jongste Landbou-ekonomie Vereniging Konferensie in Bloemfontein gesê het. Landbou-ekonome sal die terrein van die "agrarpolitiek" moet betree want hulle behoort by uitstek die vermoë te hê om al die implikasies van die veranderings uit te wys. As ons dit nie doen nie, sal ander, wat moontlik nie so goed toegerus is nie, in elk geval die navorsing onderneem.

**Landboubeleid**

Behalwe vir die wysigings van die Bemarkingswet en die Witskrif (wat in sekere opsigte nie strook met die "Nuwe Suid-Afrika" wat in die vooruitsig gestel word nie), sal ons landboubeleid meer fasiliterend en minder inhiberend moet wees om veral die klein entrepreneur voldoende geleenthede te bied. Bowenal wil ek 'n beroep op die owerhede doen om nie met die een hand geleenthede te skep wat van 'n ander kant deur bemiddeling van die Bemarkingswet eenvoudig tot niet gemaak kan word nie. Dis oneties.

Dankie aan LEVSA en my kollegas in die Wes-Kaap vir die eer my aangedoen om die 1989 FR Tomlinson-Gedenklesing te lewer. Ek voel besonder geëerd dat professor Tomlinson en sy gade die moeite gedoen het om teenwoordig te wees. Vir u almal baie dankie dat u gekom het. Ook 'n spesiale woord van dank aan my kollegas in die Departement Landbou-ekonomie vir hul ondersteuning en aangename gees in die werkplek. Aan die baie landbouwetenskaplikes en boere en ander wat ek bevoorreg was om kennis mee te maak en hul vriendskap, my diepe waardering. Laaste maar nie die minste nie, dank veral aan my vrou, maar ook my kinders vir hul onderskraging en bereidwilligheid om so dikwels die fort te hou terwyl ek uithuisig was.